

MAGALIESKRUIJN - 40 JAAR JONK

In 1978 is daar 'n behoefte by die nuutgestigte Laerskool Proteapark in Rustenburg om 'n aktiwiteit te kry wat kinders meer leer oor die natuur en ons kultuur. Die hoof, mnr Leon Rossouw, is 'n groot kultuuraanhanger en besluit dat Voortrekkers die beste ding ooit is wat met Parkies kan gebeur. Hy stig Magalieskruin Voortrekkers en sy vrou, tannie Ans Rossouw word die eerste kommandoleier. Hul is afgetree en bly in Kokanje in Limpopo.

Die kommando het gegroei en floreer in die skool en het later ook ander skole betrek. Dit was tot so 2005 eintlik nog net 'n PD kommando maar toe is daar onder die leiding van Ansie Morkel, kommandoleier, aangegaan met 'n groepie Verkenners en in 2008 verwerf die eerste verkenners Presidentsverkenner-toekennings. Daarna groei die verkennergroep tot meer as 40 tans asook 'n sterk PD-groep.

Rustenburg bied ongelooflike geleenthede aan Magalieskruin Voortrekkers met die Magaliesberge, die mynbousektor, Pilanesberg, Boekenhoutfontein en oom Paul se lewe asook die ander monumente en gedenktekens waarin ons geskiedenis vasgelê is.

Ons is ook baie betrokke by die Afrikaanse organisasies in Rustenburg soos die Rapportryers, die Vryburgers, Solidariteit Helpende Hand en selfs al handegevat met die Rotariërs met die Rooibulprojek.

Magalieskruin is lief vir die gemeenskap en doen jaarlikse projekte by die ouetehuis, die DBV, opknapping van gedenkterreine, skoonmaak van die begraafplase, Doppies-en-propies projek vir rolstoele vir kinders in nood (Laerskool Proteapark is 'n inklusiewe skool) en ook kerkprojekte. Ons ander skole is Laerskool Vastrap, Laerskool Rustenburg, Rustenburg Hoërskool, Bergsig Akademie en Lebone. Ook het ook tuisskoolleerders in die kommando.

Blackie Swart is ons kommandoleier en saam met 'n ongelooflike offisieregroep gaan die kommando net van krag tot krag.

Ons is dankbaar oor ons spore getrap in die 40 jaar wat verby en sien uit na die nuwe spore wat ons in die volgende 40 jaar kan trap vir ons jeug om in te volg.

Hou Koers!

Carien van Niekerk
AKL Bemarking
Magalieskruin Voortrekkers
Sel 073 192 8850